




EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN S.A.

NR 129

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad



OORLOG TOT EER VAN GOD

OORLOG

Oorlog is nie te rym met Godsdien nie

God is 'n God van vrede en nie van geweld nie

Jesus Christus het self gesê: "almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan". (Matt. 26:52)

Pragtig klink hierdie wekroep tot vrede.

Krete wat smag na stabiliteit en orde tussen oordonderende koerantberigte van oorlog en geweld.

Miskien het u, geagte leser, ook al meer as een maal bitter teleurgesteld geraak in die God van die skepping wat hierdie oorlog en geweld so skynbaar ongestoord laat voortduur.

DIE DIERBARE VREDE

Watter mens is daar wat nie na vrede hunker nie? Selfs die mees robuuste gewelddoener gaan homself of haarself êrens eendag vasloop teen geweld en so 'n een sal soos 'n pap lap oor die rand van sy eie kleinlikheid val.

Dit is net so : vrede is dierbaar

- Hoe heerlik is dit nie om rustig in die aand by jou huis te kom en die aand in vrede met jou familie deur te bring nie.
 - Hoe aangenaam om te weet dat alles in jou werk rustig en kalm verloop sonder stryd en twis.
- Wat 'n hunkering by elkeen van ons bestaan daar nie dat alles in en rondom ons land

sonder die daaglikse kwota van oorlog en gerugte van oorloë moet bestaan nie.



Onwillekeurig wil mens dan ook die evangelie van vrede in hierdie gedagte patroontjie van jou eie denke maak pas.

Die realiteit van ons bestaan in hierdie tydelike sonde-beheersde wêreld, laat egter nie so 'n ideale vredestoestand toe nie. Jy leef in 'n gekkeparadys as jy dink dat jy vrede sal bewerk te midde van die ruïnes van 'n wêreld wat stadig maar seker besig is om aan sy sondekwaal dood te wurg. 'n Vrede wat soos deur 'n towerwoord skielik môre alle geweld sal beeihdig. Of skielik die gesindhede van die wêreld-volkere dramaties sal verander sodat hulle alle oorlogsgeneighede teenoor mekaar laat vaar.

Solank die satan nog rondgaan soos 'n brullende leeu, sal oorlog ook deel van ons daaglikse spyse bly.

Dat oorlog nie iets mooi is nie, is vanselfsprekend. Miskien het u al self die wreedheid en ontnugtering van 'n oorlog deurgegaan en daarom kan u die liefde van God nie daarmee rym nie. U kan egter ook 'n jongmens wees wat die naaktheid van oorlog nog maar net deur middel van foto's van naderby beskou het.

In elk geval, oorlog bly verskriklik. In alle opsigte is oorlog die teenoorgestelde van die koninkryk van God:

- Waar die verlossing van God in Jesus Christus getuig van lewe uit die dood, is en bly die enigste boodskap van oorlog: die dood maak van die lewendes. Selfs die gewetensversagtende nuwe neutronbom wat mense dood maar nie geboue verwoes nie, lok heelwaarskynlik 'n spotlag uit van satan.
- Waar Jesus Christus self sigbaar die verlossing deur die genesing van geskondes en die herstel van siekes met Sy wonderwerke aangedui het, ontplooi in die oorlog net die teëbeeld : skending — fisies en geestelik, siekte, lyding smart. Voorwaar nie 'n blye boodskap nie, maar 'n smartlike tyding.
- By ons te lande word in menige huise deesdae die smart ervaar van doodstydings wat gereeld voortkom. En selfs al is daar nie noodwendig doodstydings nie, bly daar soveel trane van dierbares wat verlangend 'n seun, 'n eggenoot of 'n vader 'n tyd lank moet ontbeer. Sake loop verkeerd waar vrouens en moeders alleen hier by die huise die pot aan die kook moet hou. Kinders verwilder sonder die vaderlike dissipline. Om nie eers te praat van die bekommernis en verlange wat dieselfde seun, eggenoot of vader daar vér moet uitstaan oor sy dierbares by die huis nie. Van die gemeenskap en samesyn waaruit Gods Koninkryk bestaan, kom net die teenoorgestelde tereg in (ook ons) oorlog.

Die skrikwekkendheid van hierdie feite wettig egter nog geen argument om jou te onttrek aan die geregverdigde oorlog nie, want laasgenoemde bestaan wel:

"En die soldate het hom (Johannes die Doper) ook gevra en gesê: En ons, wat moet ons doen? En hy sê vir hulle : Julle moet niemand geweld aandoen of iets afpers nie; en wees tevrede met julle soldy". (Lukas 3:14)

Indien die evangelie van Jesus Christus 'n einde gebring het aan wettige oorlogvoering, sou Johannes nie bogenoemde raad aan die soldate gegee het nie.

Ook die woorde in die beginparagraaf van hierdie uitgawe (Matt. 26:52), beteken nie dat Jesus daar in Getsemané elkeen wat oorlog voer die ewige dood belowe nie. Nee, dit gaan oor die nie-noodsaaklike gebruik van geweld deur die enkeling. Wat Jesus afwys, is die geweld wat iemand net maar gebruik omdat dit hom pas — geweld dus ter wille van die geweld. So 'n dwaas "sal deur (sy eie) swaard vergaan". Net so sal 'n volk ook deur sy eie swaard vergaan as hy ter wille van eie voordeel maar by die eerste beste geleentheid hom tot oorlog en geweld wend.

Net soos wat die medikus nie mag hunker na 'n epidemie nie, mag die soldaat ook nie 'n sieklike en sinnelose sug na oorlog koester nie. In dié opsig sal ons elkeen onself moet afvra of dit nie by jou en my dalk die geval is nie? Of dalk is u van mening dat hierdie egoïsme tog nog maar altyd die oorsaak was van alle oorlog en geweld en daarom staan



OORLOG IS VERSKRIFLIK

uself by voorbaat al negatief daarteenoor.

As dit die geval is, lyk dit op die oog af of u tot 'n deurtastende en geregverdigde gevolgtrekking gekom het.

Laat ek dit dan maar reguit sê: U het nie! U is in so 'n geval nog maar slegs besig gewees met die simptome van die kwaal sonder om by die wortel-oorsaak uit te gekom het.

"Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug".

DIE SATAN WAT GOD IN SY EER WIL SKEND IS EN BLY DIE ENIGSTE OORSAAK VAN ALLE GEWELD EN OORLOG.

Nou bly die vraag: Maar hoe beveg die gelowige dan hierdie God-ontering van Satan? Kan die Christen hom tot die swaard wend hiervoor?

Nee, natuurlik nie — nie aanvanklik nie! want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange *neem tot* die

gehoorsaamheid aan Christus "(2 Kor. 10:4 & 5)

"En neem (op) die swaard van die Gees — dit is die Woord van God (Ef. 6:17)

Ja, vanselfsprekend is dit die wyse waarop die gelowige die stryd teen die bose aanpak: Geestelik met die swaard van die Woord.

Moet egter nie in die sataniese Utopia vasval om te wil redeneer dat dit dan nooit nodig sal wees om ook fisiese geweld teen die magte van Satan te gebruik nie. Dit dui net op een, maar belangrike gebrek in jou geloofsbeleving: Die afwesigheid van algehele opoffering en algehele selfverloëning wanneer álles gevra word om die voortgaande ontoring van God te stuit — ook deur middel van fisiese oorlogvoering!

As jy in waaragtige geloof die eer van die Almagtige God bo alles stel, sal die noodsaak van geregverdigde oorlog tot Sy eer, jou nie langer bly ontwyk nie.

Ons kan maar eerder alles verloor wat ons vir onself soveel dierbaarder ag as die eer van God. Wat beteken vrede sonder eerdie eer van GOD?!

AS ONS MEER DIE SWAARD VAN GODS WOORD HANTEER, SAL ONS BAIE GROTER OORWINNINGS IN DIE OORLOG TEEN DIE BOSE BEHAAL - MAAR DAARDEUR WORD ONS NIE ONTHEF VAN ONS PLIG OM OOK WERKLIK OORLOG TE MAAK ASOF DIT DIE ENIGSTE UITWEG IS WAT OORBLY OM GODS EER EN SY ORDE TE BESKERM NIE.

Hoe beantwoord *ons in die praktyk van elke jaar aan die toets van hierdie Skrifwaarheid*. Kom ons kyk:

- Ons leefwêreld word beheers deur 'n toegespitste poging om ons gedagtes en denke te vul met baie ander dinge behalwe die bestaan van God en die godsdiens waardeur Hy gedien moet word. Betwyfel u dit?

Ek glo nie ons kan dit betwyfel nie. Hoe anders verklaar jy dan:



Ons hoogste verpligting: Om te waak dat die eer van God nie vertrap word nie

'n Stortvloed van berigte en boeke wat die godsdiens verkleinerend" voorstel?

Dat feitlik deurgaans die oorgrote gedeelte van kommunikasiemedia gebeurde voorstel asof dit maar net afhanklik is van mense wat dinge op hulle manier wou doen of nie gedoen het nie, sonder om ooit eers selfs net die gees te adem van dat God die Beskikker is van alle gebeurde?

Dat ons die Bybel uitgerangeer vind (Toets ook jou eie gedagte!) op 'n smal sypootjie terwyl die groot verkeer eintlik verbysnel in die vorm van koerantberig-weergawes, sensasionele uitsprake van elke Jan-rap en sy maat, konferensiebesluite oor elke denkbare onderwerp met die gepaardgaande reklame en nuusdekking?

Is u besig om oorlog te voer teen hierdie tendens? Hoe? Natuurlik deur die uitdra van die Woord van God op net so 'n georganiseerde en weldeurdagte wyse as die gewone nuusmedia se woorde. Miskien is u wat dit teen oorlogvoering het, hiermee volledig besig. Gaan daarmee voort en vervul jou roeping! Jy is onbetwisbaar

besig om die eer van God te beskerm deur die swaard van Sy Woord.

Maar het u al gedink wat sal gebeur as die geleentheid ons ontnem word om nog die waarheid van Gods Woord uit te dra? Sal jy dan maar jou Christenskap leef deur middel van lydelike passiewe verset en hoop vir die beste?

As u en ek dit doen, is ons nie waardig om kinders van God genoem te word nie.

Nee, daar lê net een pad oop: Om ook met die geweer en die kanon die satan uit sy stellings te skiet. Wie hier wegdeins vir bloed en wonde en geweld, moet homself en haarself ernstig afvra of die bloed en wonde van ons enigste koning Jesus Christus, werklik vir jou soveel beteken as wat jy gedink het.

— Merk jy ook op hoe God meer en meer voorgestel word as 'n "boelie" wat die vryheid van die menslike bestaan "verknog" met Sy Wet en Waarheid? Ja, ons sien en beleef dit almal:

— Die grense van jou vaderlike gesag op grond van Gods skepping word verlê sodat jy sonder outoriteit uitgelewer word aan die grille van jou kind en ander jongelinge. En bewaar jou tog as jy daarteen in opstand durf kom! Die praktyk van vandag het jou by voorbaat die toets laat druipe. Jy het misluk as ouer, jou "benadering" was verkeerd; jy het te "patriargaal" opgetree; jy het nie aanvoeling vir die "nuwe orde" nie.

Gaan jy soos Eli maar net bly praat en die doodstydning sit en afwag, of gaan jy jou roeping as ouer tot mobilisasie vervul? As kryger in die naam van Christus jou Goddelike oerreg verdedig uit die Woord van God . . . en as dft ook nie meer effektief is nie, self agter die mortier-lanseerder gaan sit om die stryd tot Sy eer enduit deur te voer!? Dan eers kan jy sê jy het ten bloede toe weerstand gebied teen die sonde.

— Miskien is u 'n wetenskaplike wat 'n baie hoë premie plaas op die ontwikkeling van die wetenskap en lankal van mening is dat deur middel van die wetenskap, sowel sosiologies as fisies, baie maniere bedink kan word om die sinnelose geweld van oorlog te vermy.

Op die punt van die verkwikkende dieptes wat deur middel van die wetenskap ontplooi word, kan weinig dit met u nie eens wees nie.

- Wêreldwye voedselopbrengsprojekte;
- Ontslaglike ontwikkeling ten opsigte van goedkoper behuising;
- Ingrypende beperking en reëling van geboorte-aanwas;
- Asemrowende nuwe vernietigingswapens wat ontdek word sodat in die wedersydse vrees daarvoor, daar eintlik wetenskaplik 'n vredesbalans gewaarborg word.

Voorwaar 'n lofwaardige wetenskaplike vredesproses! As hierdie proses egter so ver in jou gees gestalte aangeneem het dat jy onwrikbaar daarin die volmaking van 'n wêreldvrede sien, dan het jy reeds toegelaat dat die pragtige gawe van jou verstand deur die satan misbruik word. Dan is jy sekerlik reeds lankal die punt verby van om bereidwillig en kinderlik die paleis van die verstand te verruil vir die stof en die vuil van die slagveld as dit die enigste wyse is wat oorbly om die eer van God te beskerm.

"Die Bybel wys Christus as enigste Verlosser aan en sê dat die verhouding tot God die noodsaaklike uitgangspunt vir die herstel van alle ander verhoudings is".

DIE MENS MET AL SY PRAGTIGE GAWES VAN VERSTAND, BLY IN SY WESE

BEDORWE EN ONBEKWAAM OM SY EIE VOLMAAKTE WÊRELDVREDE TE SKEP.

— Ons wêreld toon ook hoe ons ons laat bedrieg deur die elementêre kennis van getalle wanneer dit aankom op die voer van oorlog teenoor die behoud van vrede:

— Ons word daaglik gebreinspoel om die voordeel en die opheffing van die massa te soek en te bevorder. Intussen word daardeur die persoonlike en individuele verlossing van elke mens deur God totaal op die agtergrond geskuif. Gerieflikheidshalwe word ons geloofskennis verdun om naderhand te vergeet dat God persoonlik — van aangesig tot aangesig — die verlossing van elkeen bewerk het en elkeen by die naam ken. Die proses om die persoonlike verhouding tussen God en Sy verlore te vervang met 'n onpersoonlike massa-beheptheid, het reeds ver gevorder.

DIE SWAARD VAN GODS WOORD

Speel u ook saam in hierdie onheil span?



U mag miskien dink dat u nie, maar toets dit liever aan jou gesindheid teenoor oorlog! Dit lyk so voorbeeldig om die stryd teen "die sinnelose dood van miljoene" te bevorder en intussen te vergeet dat nege-en-negentig laat staan is om die een afgedwaalde te gaan opsoek.

Gaan u bly toelaat dat onder die dek-mantel van die miljoen se voordeel die eer van die Persoonlike God vertrap word? Wat baat dit dat die lewens van miljoene gespaar word deur nie oorlog te voer nie, terwyl nie een van daardie "miljoene" werklik die ware lewe van deur God in Christus in die hart gegryp te wees, ervaar het nie?

Dan dink ons ons het Christelik opgetree deur van miljoene nie kanonvoer te maak nie, maar vergeet wat hulle in werklikheid daardeur geword het : lewende dooies!

WIE BEREID IS OM SY LEWE AF TE LÊ VIR GOD SAL HOMSELF OOK IN DIE OORLOG OFFER SODAT, AS DIT MOET, OOK DEUR SY EIE EN DIE DOOD VAN "MILJOENE ONSKULDIGES" DIE VRYGEKOOPTHEID VAN ELKE ENKELING VOOR GOD PERSOONLIK GEHANDHAAF KAN BLY.

Wie bereid is om hierdie persoonlike geloof in te ruil vir 'n geloof in die massas of 'n geloof in 'n politieke ideologie, sal ook die gevolge daarvan aan sy eie hart en hande moet dra : 'n Kille onwilligheid om ook die swaard as onderdaan van die owerheid op te neem en so die eer van God te beskerm.

Eendag sal die oorlog wel ophou : "En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke; en hulle sal van hulle swaarde pikke smee en van hulle spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie".

DIE GEREGVERDIGDE OORLOG



Maar totdat daardie dag dan aanbreek sal u as gelowige altyd bereid moet wees om as dit moet, die swaard van oorlog ook op te neem en tot die dood die eer van God te beskerm.

"En julle sal hoor van oorloë en gerugte van die oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie".

D. LAUFS

(Foto's en illustrasies met erkenning aan Paratus, Militaria en Armed Forces).